

Kalmeer, dis nie 'n beermark

Kenners gee raad aan beleggers

<http://www.netwerk24.com/sake/2014-10-17-kalmeer-dis-nie-n-beermark>

Deur Francois Williams Vrydag 17 Oktober 2014 12:30 vm.



Victor von Reiche, senior beleggingsontleder by Cannon Asset Managers

Met die JSE gister vir die grootste deel van die dag laer en internasionale markte ook steeds meestal af, het markkenners geskarrel om benoude beleggers te kalmeer.

Hoewel die JSE al 10,26% van sy waarde verloor het sedert sy rekordvlakke in Augustus, noem waarnemers dit 'n normale, gesonde korreksie van 'n mark wat homself so effe vooruit gehardloop het. "Dis te vroeg om dit 'n beermark te noem," sê Victor von Reiche, ontleder van Cannon Asset Managers.

Die indeks vir alle aandele het gister net effe herstel en met 0,45% hoër op 46 881 gesluit, terwyl markte van Europa, die Midde-Ooste, Asië en Amerika meestal net rooi syfers gewys het. Die olieprys se val van bo \$100 per vat tot onder \$85 binne 'n paar weke is volgens Von Reiche 'n aanwyser van ekonomiese verwagtinge, en is tekenend van die markstemming. Hoewel lande soos Amerika beter ekonomiese toestande sien, sal maatskappye in die algemeen deur swakker internasionale groei geraak word.

Victor von Reiche, senior beleggingsontleder by Cannon Asset Managers:

As jy met kontant sit, wag eers tot die marksenuagtigheid verby is. Dit bied die geleentheid om te belê as die markte nog verder val en aandeelwaardes nader aan die intrinsieke waarde van die maatskappye is.

Ons glo nie effekte is plaaslik 'n toepaslike alternatief vir aandele nie, want huidige opbrengs vergoed beleggers nie teen rentekoersrisiko nie.

Ons hou van voorkeuraandele want hulle bied aantreklike opbrengste. Daar is geen risiko van kapitaalverlies in die geval van hoër rentekoerse nie want die dividendbetalings is aan die prima-koers gekoppel. Dis nie die regte tyd vir mense op die punt van aftrede om paniekbevange te word nie. As jy naby aftrede is moet jy nie nou ekstra geld in die mark belê nie.

Ons beveel aan beleggers kan voorkeuraandele, uitgesoekte finansiële en eiendomsaandele, en uitgesoekte kleiner en middelslag nywerheidsaandele koop. Vermoedlik of verkoop effekte en oorwaardeerde groot nywerheidsaandele.

Kleiner nywerheidsaandele wat billik gewaardeer en goeie drie- tot vyfjaarbeleggings is, sluit in Onelogix, Metair of Omnia.

Shaun Ruiters, hoof van strategie en kliëntoplossings by Sanlam Beleggings:

Maak seker jy het 'n goeie finansiële beplanner wat ook as jou afrigter/mentor kan dien wanneer die markte val.

Die grootste fout wat beleggers tydens 'n markkorreksie kan doen is om in 'n staat van paniek te gaan en

aandele te verkoop wat binne 'n paar maande weer sou herstel. Ná die verkoop is die verlies vasgemaak. Tydens Rusland se skuldkrisis in Augustus 1998 het opkomende markte almal geval, en Suid-Afrikaanse aandele het van einde Julie 1998 tot September 1998 met 32% geval.

Maar teen April 1999 is al die verliese weer ingehaal.

Vir beleggers wat nou wil koop, moet jy elke aandeel op sy eie meriete beoordeel. Ja, markdalings bied uitstekende koopgeleenthede, maar moenie net blindelings aandele koop nie.

Al het die markte geval beteken dit nie die keuraandeel wat jy oorweeg is billik gewaardeer of goedkoop relatief tot sy langtermyn gemiddelde prys nie. Ons glo die keuse van individuele aandele moet vir professionele fondsbestuurders gelaat word wat dié goed daaglik ontleed.

Wat betref mense wat op die punt staan van aftrede – met moderne, nuwegeslag aftree-annuiteite kan jy die oorgang van voor- na ná-aftrede maak sonder om 'n markverlies vas te maak.

Nie alle aandele word ewe veel “gestraf” in 'n markdaling nie. Defensiewe aandele kan byvoorbeeld net 10% van hul waarde verloor terwyl die indeks vir alle aandele dalk 30% verloor. Diversifisering oor verskillende sektore en aandele heen is die goue reël.